



Nuusbrief / Newsletter

JUNIE / JUNE 2023

www.pmfsa.co.za

*This e-newsletter is compiled from sources that are deemed to be reliable.
However, the publisher accepts no responsibility for any errors or the effect of any decisions based on this publication.*



Sponsored by  **FARM**Ranger®

Which TOPS regulations are currently in place?

Magdel Boshoff, Deputy Director: Threatened or Protected Species Policy Development, Department Forestry, Fisheries and the Environment provided some clarity on the topic.

The revised Threatened or Protected Species (TOPS) Regulations and revised TOPS list were published by Notice in the Government Gazette, No. 47984 of 3 February 2023 (Notice No. 3009 and 3012 respectively) for implementation. These notices would have commenced on 1 April 2023.

After the revised TOPS Regulations were published in the Government Gazette, Wildlife Ranching South Africa and the Professional Hunters' Association of South Africa filed an urgent High Court application. They sought an interdict to suspend the revised TOPS Regulations and list, pending an application for the review and setting aside thereof, or declaration of their unconstitutionality.

The Minister of Forestry, Fisheries and the Environment withdrew the revised TOPS Regulations and species list as an out-of-court settlement. The withdrawal was announced in the Government Gazette on 31 March 2023.

The withdrawn TOPS Regulations affected overlapping definitions. This led to the withdrawal of the revised Elephant Norms and Standards (for the management of elephants in South Africa) and the Norms and Standards for trophy hunting of leopard in South Africa on 31 March 2023. The withdrawal implies that the 2007 TOPS Regulations and species list along with the 2008 Elephant Norms and Standards continue to be in effect.

The Minister has republished the revised TOPS Regulations and species list in the Government Gazette for public comment, to strengthen administrative processes.



Volg die regte stappe wanneer roofdiere opgemerk word



Volgens predasiespesialis Niël Viljoen is dit opvallend dat meer groot katte oor die afgelope twee tot vier maande op loop is in die Noord-Kaap. Soos Maroela Media hierdie week berig het, is 'n paar vrylopende jagluiperds in Springbok en Kamieskroon opgemerk.

Viljoen het na 'n foto verwys waar 'n luiperd hierdie week deur 'n sekuriteitskamera in sy tuisdorp, Loxton, opgetel is. Noord-Kaap Natuurbewaring het baie vinnig reageer en aan die boeregemeenskap 'n vanghok en permit uitgereik om die luiperd te vang.

Viljoen beaam die stelling van Deon Cilliers van Cheetah Outreach Trust dat boere nie paniek moet saai nie en alle waarnemings aanmeld. Gebruik die regte kanale, betrokke permitte en gepaste vangmateriaal om die roofdiere aan te keer.



Nuwe inligting kan klein veeboere 'n hupstoot gee

- deur Tisha Steyn, Landbouburger, 12 Mei 2023



Kommunale wolboere in die Oos-Kaap het 'n nuwe era betree met die skep van die eerste monitorplaas in die Mount Fletcher-omgewing.

Niël Viljoen, wat 'n predasiebestuursprogram in 2008 begin het om die veeverliese weens roofdiere te bestuur, het pas 'n verslag oor die sukses van die afgelope 15 jaar se navorsing en statistiek bekend gemaak. Daarin dui hy aan dat veeverliese weens roofdiere beperk kan word, mits die vee en die roofdiere sinvol bestuur word. Vir dié doel het hy 27 monitorplase in ses provinsies in 2008 tot stand gebring en die inligting gebruik om navorsing te doen oor suksesvolle vee- en roofdierbestuur. In 2022 het die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) die geleentheid geskep vir die vestiging van 'n monitorplaas vir kleinboere volgens dieselfde beginsels as die 27 monitorplase.

Volgens Viljoen is dit inderdaad tyd dat die kennis met kommunale veeboere gedeel moet word. Met die NWKV se ondersteuning het hy die Mount Fletcher-monitorplaas geskep en sommer uit die staanspoor blyk dit dat hierdie 'n nuwe wending in die lewens van hierdie boere en die wolbedryf in geheel gaan bring. Inligting wat reeds op die monitorplaas ingewin is, gee vir die eerste keer ooit 'n duidelike prentjie van die uitdagings waarmee die kommunale veeboere te kampe

...vervolg

het. Viljoen gaan hierdie inligting gebruik om die kleinboere te help om hulle vee en die roofdierprobleem beter te bestuur. Hulle sal meer produktief boer, die produksie en standaard van die wol wat hulle lewer, verbeter en 'n produk van puik gehalte vir uitvoer lewer.

Volgens NWKV-hoofbestuurder Leon de Beer produseer die vier gemeenskappe in Mount Fletcher, wat aan die PMSA-program deelneem, sowat 34 300 kg per jaar. Al die wol word verkoop en uitgevoer na China. "Goeie en doeltreffender predasiebeheer sal lei tot minder veeverliese en gevolglik meer wol, al verbeter dit nie wolstandaard direk nie", sê Leon.

Mount Fletcher-monitorplaas

Vir Viljoen was die eerste belangrike stap om 'n bron te identifiseer wat deurlopend betroubare inligting vir navorsing kon verskaf. Daar is besluit om so 'n monitorplaas in die Mount Fletcher-omgewing in die Joe Gqabi-distriksmunisipaliteit in die Oos-Kaap te skep.

Vier kommunale skeergemeenskappe is in die gebied geïdentifiseer, naamlik Luzie, Utloanang, Masibambane en Kuebeng. Die skeerfasiliteite bedien 288 boere wat gesamentlik 17 154 skape besit. Die kudde sluit nie net teelooie in nie, maar ook lammers, ramme en kapaters. Viljoen meen dit is 'n verteenwoordigende bron van inligting wat die pad met opleiding vorentoe kan aandui. Om versameling van inligting te vergemaklik is besluit om twee boere by elke skeerfasiliteit te versoek om inligting te versamel.

"Die belangrikste doel van die monitorplaas is om biodiversiteit te beskerm en te bewaar, terwyl die beste moontlike bestuursplan vir die vee en predasie gevind word", sê Viljoen. Dit sluit in dat boere opgelei word in bestuurstrategieë, sodat hulle die bestaande situasie verstaan en kan help soek na oplossings.

Tekortkominge

Die monitorplaas het uitgewys dat vee tans nie na wense bestuur word nie. Daar is nie 'n georganiseerde beweidingsplan nie. Die vee wei waar die weiding die beste lyk, daar is nie vasgestelde paarseisoene nie, en daar is ook geen heinings nie.

Predasiebestuur berus op menslike veewagters en halsbande met klokke wat die roofdiere moet weg hou. Rondloperhonde wat in groepe jag skep 'n geweldige probleem.

Nadat met die boere gesels is, is besluit om opleidingsdae vir die boere by die skeerfasiliteite aan te bied met die doel om nog inligting te bekom.



Inligting en opleiding

Die sewe inligtingsdae wat in Februarie vanjaar by skeerfasiliteite in die teiken-gebied gehou is, is deur 151 boere bygewoon. Die boere het die inligting en opleiding verwelkom en met die inligting wat deur hulle verskaf is, kon Viljoen die bestaande omstandighede beter verstaan. "Die interaksie tussen die opleiers en boere was oorweldigend en dit was duidelik dat die boere honger is vir meer inligting en bystand", sê hy.

Veeregister en boekhouding

Dit was ook duidelik dat die boere 'n betroubare veeregister en boekhoustelsel nodig het. By 'n inligtingsdag by die Mount Fletcher-monitorplaas het boere, wat deelgeneem het aan 'n oop gesprek, besef wat die waarde daarvan is en met hulle hulp is 'n praktiese, werkbare staat vir rekordhouding ontwikkel. "Die boere was gemotiveerd om die register elke maand te voltooi en aan een van my navorsers in die gebied te oorhandig."

Daar is ook 'n WhatsApp-groep gestig waarop die boere met mekaar en met opleidingspersoneel kan kommunikeer oor kwessies wat dadelik aandag nodig het met betrekking tot vee-ongevalle, en om probleme met roofdiere te identifiseer.

Inligting wat nog nooit bestaan het nie

Die eerste maand se inligting is op 31 Desember 2022 ontvang. "Terwyl die resultate oor 'n kort tydperk ingesamel is, het dit interessante en belangrike inligting verskaf wat nooit voorheen bestaan het nie", sê Viljoen. Die inligting het 'n aanduiding gegee van veeverliese, watter skape die kwesbaarste is en watter roofdiere vir verliese verantwoordelik is.

Soos met enige boerdery is dit belangrik om te weet waaraan veeverliese toegeskryf kan word. Roofdiere word maklik blameer vir veeverliese, selfs al raak die vee gewoon weg vir 'n ander rede. Swak rekordhouding en 'n gebrek aan kennis oor die optrede en biologie van roofdiere dra daartoe by dat verkeerde aannames gemaak word.- Op die monitorplaas kan verliese toegeskryf word aan die weer, veral koue, reën en sneeu (44%), vee wat wegraak (20%), en predasie (8%).

Die verspreiding van verskillende ouderdomskategorieë wanneer veeverliese weens predasie geskied, is soos volg:

- Geboorte tot 30 dae (50%)
- 30 dae tot 5 maande (17%)
- 6 tot 12 maande (0%)
- Speenlammers van 18 maande (33%)
- Ooie ouer as 18 maande (0%)
- Ramme (0%)

Dit is duidelik dat die kleiner lammers die roofdiere se voorkeurprooi is, want soos wat die lammers groter word, word die verliese minder, maar wanneer die lammers gespeen is, val hulle weer die roofdiere ten prooi.

Dit is ook belangrik om vas te stel watter roofdier verantwoordelik is vir die verliese. 'n Verkeerde analise kan daartoe lei dat die verkeerde bestuursmetode toegepas word en dit kan lei tot groot finansiële verliese. Die boere het aangedui dat jakkalse (50%), rondloperhonde (33%) en witkruisarende (17%) die grootste sondebokke is. Volgens die boere staan hulle die meeste van die lammers van ná geboorte tot op 30 dae aan witkruisarende af.

“Die Mount Fletcher-monitorplaas is 'n nuwe uitdaging”, sê Viljoen.
“Maar die boere is toegewyd en gretig om te leer en die warm, vriendelike gemeenskap het die geleentheid om hulle kennis uit te brei, aangegryp.”

Kontak Niël Viljoen by 082 381 8227 of stuur 'n e-pos na nielviljoen@gmail.com.





Deel u bestuurs- praktyk met ons!

Daar is menige boere wat predatore doeltreffend bestuur en daarom wil ons graag sulke suksesstories aanhoor en deel met medeboere. U geslaagde bestuurspraktyk sal in die maandelikse PMF- nuusbrieff verskyn en ook op die webtuiste geplaas word. Skakel Bonita Francis by (041) 365 5030 of per e-pos by nwga@nwga.co.za.



FARMRANGER.CO.ZA

STOCK THEFT ? PREDATORS ?



Get alarm calls when **DANGER** is detected




Live **GPS** tracking in app during an alarm



Just **ONE** collar covers a flock of 450 sheep

Tel : 028 212 3346



FARM Ranger

LIVESTOCK SECURITY COLLARS



SHEEP



CATTLE



GOATS



HORSES